education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## AFRIKAANS HUISTAAL VS3

## NOVEMBER 2006

**PUNTE: 100**
**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 bylae.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.
2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.
3. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B.
4. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C.
5. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING D.
6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees.
7. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.
8. Dui die vraagnommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.
9. Trek 'n streep na elke voltooide afdeling.
10. Punte word vir beplanning/redigering, taal/styl en inhoud toegeken.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1

**dit maak my tiek**

**'Om vriende te hê, is vir my 'n prioriteit. Hoe meer ons saam doen en *fun* het, hoe meer ontspanning en ontvlugting kry ek daaruit.'**

*Lindie van Eeden, Egoli-aktrise*



[Uit: *Finesse*, Augustus 2005]

Wat laat jou in die lewe tiek? Skryf 'n BESKRYWENDE opstel oor dit wat die lewe vir jou die moeite werd maak.

**OF**

Kopiereg voorbehou 

1.2 Jou ouers se vriende (of jou familie) kom kuier. Hulle kinders word gewoonlik, tot jou frustrasie, jou verantwoordelikheid. Skryf 'n VERHALENDE opstel oor so 'n kuier-insident.



[Uit: *Vrouekeur*, Desember 2005]

**OF**

1.3 **SKOLEGEWELD**

Skole het landwyd in oorlogsones verander. Die vyand is die boelie.

Navorsing toon dat boelies oor die volgende eienskappe beskik:

* Onder- of oorpresteerder
* Voel veilig of onveilig
* Hou van die gevoel van mag
* Is bederf
* Voel onbevoeg of verneder
* Is onder druk om te presteer
* Kom nie met ander kinders oor die weg nie
* Ly aan die een of ander vorm van emosionele aftakeling

[Uit: *Vrouekeur*, Januarie 2006]

Skryf 'n BEREDENERENDE opstel waarin jy standpunt teen skolegeweld inneem en gee moontlike oplossings vir hierdie probleem.

**OF**

1.4 Kies EEN van die prente hieronder en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitelik, betogend of bespiegelend wees.

1.4.1



1.4.2



1.4.3



1.4.4



1.4.5




1.4.6




**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

2.1 **DRINK JY OF DINK JY?**

| DRINK | DINK |
|---|---|
| Alkohol vernietig breinselle en dit beteken dat jy jou dom kan drink. Jy kan natuurlik ook aan alkohol verslaaf raak, wat ernstige gevolge kan hê. Drank maak vet, en vet mense het slegte spysverteringstelsels, en gewoonlik ook bloeddrukprobleme. | Voor jy jou oë uitvee, is jy 'n vet alkoholis met 'n vrot lewer en niks tussen die ore nie. Dit kan natuurlik ook jou verhouding 'n knou gee, want sleeptong-gesprekke raak baie gou afgesaag. |

| DRINK | DINK |
|---|---|
| Wie het bepaal dat dit *cool* is om te drink en dat jy jouself moet bewys deur drank te kan hanteer? | As jy geld mors om 'n gek van jouself te maak, bewys jy 'n paar dinge: jy kan nie groepsdruk hanteer nie, jy kan nie jou eie besluite neem nie en jy kan nie goeie vriende kies nie. |

[Verwerk uit: *Finesse*, Augustus 2005]

Skryf 'n brief aan die pers waarin jy jou oor alkoholgebruik en -misbruik onder tieners uitspreek. Rig jou brief aan: Die Hillside Times, Posbus 007, HILLSIDE, 1010.

**OF**

2.2 Wanneer dit by *dates* kom, is daar mos altyd 'n *issue*. Wat maak van jou 'n *great date*?

Kenners gee die volgende wenke vir 'n suksesvolle afspraak:

- Wees betyds
- Trek ordentlik aan
- Lyk geïnteresseerd, al is jy nie
- Wees jouself
- Wees eerlik
- Bied aan om te help betaal

Skryf 'n ARTIKEL vir plasing in die skoolkoerant oor hoe om 'n goeie metgesel te wees. Jy mag na bogenoemde wenke verwys.

**OF**

2.3 Jy was onlangs bevoorreg om 'n eksklusiewe onderhoud met 'n wêreldberoemde sportheld, filmster of sanger te voer. Skryf die ONDERHOUD vir 'n tydskrif en vertel die lesers meer oor hierdie interessante mens en sy/haar lewe.



**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C : KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 120 tot 150 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 **Stryd teen stres**

**E-pos**

VAN: benniebotha@boekwurm.co.za
AAN: sonskynblad@media24.om
GESTUUR: 16 Augustus 2006, 10:30
ONDERWERP: STRES

*Ek is in graad 10. My ouers verstaan my glad nie. My sakgeld is hopeloos te min (geen mens sal daarop kan oorleef nie) en ek het my plek in die rugbyspan verloor.*

*Ek stres verskriklik en ek kan glad nie 'n oog toemaak in die aand nie. Dit lyk asof my meisie my gaan los. Wat moet ek doen om net te kan 'cope'? Help my! Ek weet nie meer watter kant toe nie.*

Antwoord Bennie per e-pos en gee aan hom raad oor hoe om sy spanning te hanteer.

**OF**

3.2 Skryf die inhoud van 'n spesiale KERSKAARTJIE vir 'n onderwyser(es) by jou skool. Bedank hom/haar vir die besondere hulp en ondersteuning en wens hom/haar seën vir die Kersgety toe. (Jy hoef NIE 'n visuele ontwerp te doen nie.)



**OF**

3.3 'n Nuwe ou/meisie in jou skool vra jou uit. Maak TWEE inskrywings in jou dagboek hieroor.





**TOTAAL AFDELING C: 10**

## AFDELING D: NASLAAN, INFORMATIEWE, VISUELE EN MULTI-MEDIA-TEKSTE

### VRAAG 4

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK 120 tot 150 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

4.1 Julle gaan vir die naweek weg. Julle bure se seun moet jou troeteldier versorg. Skryf vir hom 'n nota waarin jy vir hom stapsgewys die nodige instruksies gee.





**OF**

4.2 **OPSKOP**

**OF**

**VOORTSKOP?**

THABO MALEKA Ek kom van Lesotho af en het nie blootstelling aan Afrikaans gehad nie. Ek sukkel en is bang dat ek nie gaan slaag nie. Ek dink daaraan om skool te verlaat.

KOOS DU TOIT Dit gaan finansieel moeilik in ons huis. Ek dink ek moet gaan werk om my ouers te help.

SANDRA LE ROUX Ek het altyd gedink dat ek tot matriek in die skool sou bly. My nuwe vriende het my oortuig dat 'n lekker sosiale lewe beter as akademiese prestasie is. My portefeuljewerk is onvolledig. Ek kan dit nie meer inhaal nie. Ek dink dit is beter om maar die skool te verlaat.

Sommige leerders raak moedeloos en wil die skool reeds in graad 10 verlaat. Tydens 'n saalopening kry jy die geleentheid om die graad 10's toe te spreek. Skryf hierdie toespraak wat jy gaan lewer.

**OF**

4.3 *FASCINATION UITGEWERS* het 'n spesiale aanbieding: koop 'n boek van meer as R100 en kry 'n gratis boek by.

Beantwoord hierdie vraag op BYLAE A (aangeheg).

- Voltooi die bestelvorm op BYLAE A.
- Kies 'n gratis boek en skryf 'n paragraaf waarom jy juis hierdie boek verkies.

**KRINKELS IN DIE MAAN**
*Chanette Paul*




*Krinkels in die maan* is 'n heerlike ontvlugtingsroman deur 'n meester in die romansegenre en die vyfde boek in LAPA Uitgewers se moderne Fleur-romansereeks. Die redigeerder se lokteks laat geen twyfel daaroor nie dat dié verhaal 'n moet vir enige romanverslaafde se boekrak is: "Het jy enige idee hoe intimiderend mense jou vind met jou skoonheid, jou intelligensie, jou kunstalent en jou skerpsinnigheid? Alles is aan jou gegee, Tish, maar jy misbruik dit met 'n gebrek aan gewete, geveinsde beskeidenheid en losse sedes."

*Krinkels in die maan* is Chanette Paul op haar beste. Dis 'n uitsonderlike liefdesverhaal oor mense wat tegelykertyd leef én wegkruip vir die lewe, skep én breek, en uiteindelik vrede vind in die besef: almal het foute en verledes – dit verander nie wat jy nou in die holte van jou hand hou nie.

naaste boekwinkel beskikbaar of besoek www.struik.co.za



**VOETSPORE OP DIE STRAND**
*Johan Badenhorst en Rey Janse van Rensburg*

Die bekende Voetspore-span se tweede reisavontuur met 4x4-voertuie begin by Ponta do Ouro in Mosambiek en strek dan kuslangs, van vuurtoring tot vuurtoring, tot by Kaap Kruis in Namibië. Soos die kraai vlieg is dit 'n afstand van net meer as 4 000 km, maar vir die Voetspore-span was dit 'n avontuur van dertien weke lank en ongeveer 15 000 km ver. Soos in *In die voetspore van die grotes* beleef die leser die reis soos dit op gemaklike verteltrant beskryf word, en bring die meer as 700 foto's die natuurskoon, en natuurlik die vuurtorings, tot in jou hande. *Voetspore op die strand* (LAPA, R139,95) bevat heelwat nuttige wenke vir 4x4–geesdriftiges en resepte vir kampkosmaak en is 'n leunstoelervaring soos min!

**DUWWELTJIES EN ROWE**
*Jannie Otto*




Humor is die goue draad wat deur al die stories in *Duwweltjies en rowe* (LAPA, R59,95) loop. Of dit nou gaan oor die "Skotse rokkies" wat twee stoere Blou Bul-ondersteuners daar in die vreemde moet dra, of ou Fred Crossberg se slim plan om die Fauna en Flora uit te oorlê nadat hy onwettig gejag het, of oom Krisjan wat ses vroue oorleef het... Die boek bevat staaltjies wat oud en jonk sal laat kraai van plesier. *Duwweltjies en rowe* bevat ook kostelike illustrasies deur Fred Mouton.




**DIE SUID-AFRIKAANSE HENGELAAR**
*Ivor Whibley*

'n Hengelaar se welslae berus nie op geluk nie, maar op die regte vaardighede en inligting. En daar is nie 'n beter plek nie om vir die regte inligting te gaan soek as in *Die Suid-Afrikaanse hengelaar* (Struik, R129,95). Hierdie visvanggids verskaf nie net inligting oor waar en wanneer om vis te vang nie, maar gee ook wenke oor aas, gereedskap, eerstehulp en natuurbewaring met betrekking tot visvang. Dit bevat pragtige illustrasies met beskrywings in fyn besonderhede, insluitende habitat en die beste vangmaniere. Verder is daar kaarte wat spesifieke visvangplekke identifiseer asook inligting oor akkommodasie.

**DIE 4x4 KOOKBOEK**
*Rita van Dyk*




Om onder die sterre by 'n kampvuur te eet, is een van die lewe se plesiere. *Die 4x4 Kookboek* (Struik, R95,95) bevat resepte en idees vir volledige, vullende en smaaklike etes in die wildernis en is die ideale boek vir diegene wat die buitelewe geniet. Hierdie boek verskaf eenvoudige maniere om die beperkings van in die bos kook te oorkom. Dit verskaf nuttige wenke om byvoorbeeld verlepte groente weer kraakvars te kry, 'n lys van benodigdhede om in te pak, hoe om brood te bak en meer as 300 resepte spesiaal gekies vir buitenshuise etes.




**DAGBOEK VIR DIE MAN: DIE OOP DEUR NA 'N LEWE VAN OORVLOED**
*Hannes Burger*

Die dagstukke in *Dagboek vir die man: die oop deur na 'n lewe van oorvloed* (Lux Verbi.BM, R89,95) handel oor ons persoonlike geloofslewe, ons verhoudings met ander, ons huwelik en gesin, ons bydrae in die gemeente en ons plek in Christus se plan met die wêreld. Dit sny diep en huiwer nie om reguit vrae te vra oor die geestelike slapheid in ons nie. Eindelik wys dit ook die oop deur na geestelike groei en 'n vol lewe in die krag van God.

**BALANS IN DIE LEWE**
*Alan Loy McGinnis*




*Balans in die lewe* (Lux Verbi.BM, R72,95) is 'n praktiese handleiding vir mense wat in die gejaagdheid van die alledaagse lewe probeer om sinvol tred te hou en om gefokus te bly. Nuttige en inspirerende riglyne word gegee om ewewig tussen al die prioriteite te handhaaf.

Die fokusareas vir sukses is volgens die skrywer geesdrif, dissipline, samewerking en aanpassing. Soos Tolstoi gesê het: "Jy kan manjifiek lewe as jy weet hoe om te werk en hoe om lief te hê: jy moet jou werk liefhê en werk vir dit of diegene wat jy liefhet."

**TOTAAL AFDELING D: 10**

**GROOTTOTAAL: 100**

**BYLAE A** **NAAM:** ____________________

- Voltooi VRAAG 4.3 op hierdie bylae en lewer dit saam met jou antwoordeboek in.

## BESTELVORM VIR BOEKE

Onthou om die nommer van die boek wat jy bestel op die bestelvorm aan te dui.

EK WIL GRAAG DIE VOLGENDE BOEKE BESTEL:

| Nr. van boek | Aantal | Bedrag |
|---|---|---|
| | | R |
| | | R |
| | | R |
| | | R |
| | Nr. van gratis boek | |
| | Posgeld | R |
| | Totaal | R |

Posgeld - RSA: R30 Buiteland: R75
Aanbod net geldig vir Januarie 2005.

NAAM EN ADRES VAN PERSOON WAT BOEK(E) MOET ONTVANG:
Naam: ____________________
Adres: ____________________
____________________
Kode: __________ Tel.: __________
e-posadres: ____________________

EK WIL GRAAG SO BETAAL:
1. Ek sluit my tjek/posorder in vir R __________
(betaalbaar aan **Fascination Books SA CC**)
2. Debiteer my Visa-/Master-/Amex-/Dinerskaart
Nommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐
Vervaldatum ____________________
CVV-nommer (laaste 3 syfers op agterkant) __________
Handtekening ____________________
3. Geld is inbetaal in Fascination Books se rekening.
Bel 012 368 1272 vir bankinligting.
4. Bring hierdie bestelvorm na enige Fascination/Incredible Books-tak.

Fascination Books,
Posbus 402, Menlyn
0063.

Tel.: 012 368 1272
Faks: 012 368 1268
e-pos: menlyn@inkbooks.com

FASCINATION FB BOOKS

[Bron: *Taalgenoot*, Junie 2004]

❖ PARAGRAAF

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Kopiereg voorbehou